

NG Murray Gemeente Sondag 24 Mei 2020

Pinksterfees

Goeie môre gemeente!

So kom ons aan die einde van ons van pinkster, en dit was vir my 'n voorreg om hierdie pinkstertyd saam met julle te beleef. Ons het natuurlik gefokus op die Heilige Gees hierdie jaar, en vrae gevra soos "Wie is die Heilige Gees?" en "Waarmee is die Heilige Gees besig?".

Ons het gesê dat die Heilige Gees 'n persoon van die Drie-Enige God is, nie net 'n gevoel of 'n onsigbare mag nie, en dat Hy ook nie 'n onbekende persoon is nie, maar God self. En ons het gesê die Heilige Gees is besig om ons heiliger te maak, om ons meer soos Jesus te maak. Ons kan natuurlik ook dan vra: "Maar hoe kan ons seker wees ons het die Heilige Gees?" Jesus self gee vir ons die antwoord dat enigeen wat in Hom glo, die Heilige Gees ontvang.

Toe het ons gekyk na die vrug van die Gees en die gawes van die Gees, en ons gaan vandag nog 'n bietjie verder daarop bou, want ons is gemaak, gered en geroep vir iets meer as wat ons voorheen geken het, geroep vir iets groter.

Maar voor ons verder gaan, bespreek gerus met mekaar:

Wat was jou ervaring van hierdie pinkstertyd. Wat het vir jou uitgestaan? Wat het jy ontdek, of dalk weer ontdek? En wat was vir jou moeilik?

Julle kan hierna open met gebed, en as julle wil, ook kollekte opneem.

So ek hoop dat hierdie vir julle 'n tyd van nuwe ontdekkings vir julle was. Dat julle iets nuuts geleer het oor die Heilige Gees, en dat julle ook by mekaar kon leer hoe ons verskillende perspektiewe op die Heilige Gees lyk. Dalk is dit goed wat jy herontdek het, of besluite wat jy van voor af geneem het. En veral die besluite is belangrik, want ek hoop regtig dat hierdie pinkster 'n tyd was waarin jy gesê het: "Ek mis nog iets. Ek wil nog 'n bietjie dieper gaan, nog iets meer doen, ek wil iets verander of toelaat dat die Heilige Gees iets in my verander."

Ons het ook op 'n stadium genoem dat die Heilige Gees is soos 'n gas wat in jou huis kom bly, en net in die kamers ingaan waarin jy Hom innooi. So ek hoop dat jy die Heilige Gees nog dieper innooi in hierdie tyd. Want die realiteit is dat tensy jy perfek was voor die tyd, daar tog nog steeds iets is wat jy kan verander.

/

Ons gaan vandag saam lees uit 1 Korintiërs 6, en ons staan stil by verse 12-14 en 19-20. Iemand in julle groep kan dit vir julle saam lees

Lees 1 Kor. 6:12-14, 19-20

Kinder oefening:

Vertel vir jou gesin wat jou gunsteling kos is? Hoe sou jy lyk as jy dit 3 keer 'n dag vir die res van jou lewe moes eet?

Ons is natuurlik baie bekend met die vers wat sê: Ons is 'n tempel van die Heilige Gees. En party mense sal na hierdie vers kyk en sê: Sien jy, daar is jou bewys dat jy nie mag tattoos kry nie, jou liggaam is 'n tempel! Nou dit is 'n gesprek vir 'n ander dag, maar dis nie waarna Paulus hier verwys nie. Hy verwys eerder na die liggaam hier in terme van sedelik of onsedelik optree. Hy praat spesifiek hier van seksuele sondes, maar as jy net 'n paar verse terug lees, dan sal jy sien dat hy verwys na verskeie ander sondes ook.

Paulus is eintlik hier besig om te praat van ons lewe, waarvan die liggaam 'n deel is, maar nie die enigste deel nie. Paulus sê eintlik hier: jou hele lewe is 'n tempel vir die Heilige Gees. Die issue wat Paulus hier aanspreek is die feit dat mense sê: "Maar ek mag mos, want dis hoe genade werk? Jy weet, ek kan 'n bietjie droogmaak, en dan gaan ek net na Jesus toe en ek sê jammer, en dan word ons vergewe en ons word gered. Genade sê juis dit gaan nie oor wat jy doen nie, dit gaan net daarvoor dat jy glo."

Nou dis waar, maar dis nie die volle waarheid nie. Dis nie die volle waarheid van ons lewe nie. Die Heilige Gees se rol gaan oor meer as net "is ek gered of is ek nie".

/

Ons kan so daarvoor dink: Ons is gemaak vir 'n spesifieke doel, net soos wat 'n klassieke luukse Mercedes gemaak is vir 'n sekere doel. Verbeel jou hierdie Mercedes, die beste van sy reeks, die netjiesste, duurste, luukse kar van die 70's word sorgvuldig aanmekaar gesit, en vandat hy die dag uit die fabriek uit gery word, word hy net op grondpaaie en deur modder gery...

Dis nie waarvoor hy gemaak is nie! En dit gaan nie lank wees nie, dan gaan die kar begin uit mekaar uit val. En dit gaan ook nie lank daarna wees nie, dan gaan sommige dele van die kar ophou werk, en later gaan hy heeltemal ingee, tot hy op 'n dag so lyk:



Dit wat op 'n stadium mooi was, is heeltemal verniel!

Maar dan eendag kom daar 'n persoon wat hierdie ou kar, wat dalk net 'n wrak van oor is, en hy sê: "Ek gaan hierdie kar vat, of dalk koop, en ek gaan hom restoureer. Ek gaan hom van voor af nuut maak." En dit behels dat daar 'n klomp panele afgesny en weer gesweis gaan moet word, of heeltemal vervang moet word. Die engin gaan uitgehaal en stuk vir skoongemaak of ook vervang moet word, tot op 'n punt waar die kar weer so kan lyk:



Op daardie dag word die kar herstel tot nog meer as sy aanvanklike waarde. Hy is nou meer werd as wat hy was toe hy uit die fabriek uit gery het. Hierdie bostaande kar is spesifiek nou so net oor die R40miljoen werd.

Maar daar is ook 'n ander rede daarvoor. Hierdie spesifieke model is een waarin verskeie filmsterre, musiekante en selfs staatsleiers gery het. Dis 'n bekende kar, en sy waarde word soveel meer juis oor die mense wat daarin gery het.

Hierdie beeld is 'n beeld vir ons eie lewe. Ons is gemaak vir 'n sekere doen, maar deur ons menswees, deur ons sondige natuur, smeer ons hierdie doel heeltemal vuil. Ons gebruik dit wat ons is en dit waarvoor ons gemaak is heeltemal verkeerd. En ons kom op 'n punt waar ons nog lewe, maar eintlik voel dit vir ons ons het nie 'n doel nie, en eintlik voel ons ons is net besig om te oorleef. Binne ons is ons eintlik stukkend. En ons is vasgevang in 'n klomp slegte goed. Paulus praat van seksuele sondes, maar eintlik kan dit enige verslawing, enige slegte einskap of negatiewe gedagtes wees.

En dan kom Jesus! En Hy kom haal ons daar waar ons op ons stukkendste is, en Hy sê vir ons: "Ek wil jou kom nuut maak. Nie omdat jy dit verdien nie, maar omdat Ek wil." Hy kom was ons skoon. Hy kom vat alles weg wat verkeerd is, en Hy stuur die Heilige Gees in ons in. En ons waarde word meer as wat dit was die dag toe ons lewe begin het. Nou is ons kinders van God, en dis genade!

Maar nou wat gaan gebeur as hierdie ou wat die Mercedes tot sy perfekte vorm gerestoureer het, hom weer terug gee aan die vorige eienaar, en die eienaar ry net weer van voor af deur die stof en modder. Dan mis hy die punt van restourasie! Mens restoureer nie 'n kar net om hom weer stukkend te ry nie!

En dis wat ek hoop ons ook geleer het uit hierdie pinkstertyd. Die Heilige Gees is deel van ons reddingsproses, maar Hy wil ook nog meer vir ons hê! Die lewe is meer as wat dit voorheen was. Ek hoop regtig dat julle, saam met my, sal kies om te sê: Ek gaan nie aanhou lewe soos wat ek voorheen het nie. En dit verwys nie net na jou bekeringsdag nie, jy kan ook sê: "Ek gaan nie aanhou lewe soos wat ek het voor die pinkster nie! Ek wil nie eers dieselfde lewe as wat ek gister het nie, ek glo dat die Heilige Gees vir my iets beter in gedagte het, en die enigste manier hoe ek nog beter kan lewe, is as ek nog dieper in die Heilige Gees lewe, en nog meer toelaat dat Hy deur my werk."

Mag ek en jy besef ons is 'n tempel. Ons lewe is 'n tempel van die Heilige Gees. En mag dit ons vry maak! Mag ons leer dat die lewe nog soveel meer is as wat ons tot nou toe geken het, en mag dit ons vry maak!

/

Nou natuurlik as ons dink oor die lewe vorentoe, dan is dit maklik om te dink aan verskonings ook. Ons kan maklik kyk na die COVID-19 situasie en sê: "Ek is nie nou op 'n plek waar die Heilige Gees deur my kan werk nie. Ek is vasgevang in my huis. Ek moet nou ewe skielik 'n onderwyser of onderwyseres wees vir my kinders. Ek kan nie skool toe gaan en VCSV toe gaan soos ek normaalweg sou nie..."

Al daai goed moet ons opsy skuif, want die Heilige Gees is groter as dit. Hy werk ongeag watter situasie jy in is. Ons kan ook dalk sê: "Ek is nie goed genoeg nie!" Maar dis nie die punt nie. Dit gaan nie oor of ons goed genoeg is nie, dis deur die Heilige Gees. So die keuse wat ons eintlik maak is om Hom nog meer toe te laat om deur ons te lewe. Ek gaan daai keuse maak, en ek hoop dat jy ook sal kies om Hom nog meer in jou lewe toe te laat.

As ons afsluit, vra gerus vir mekaar:

1. Watter deel van jou lewe kies jy om nog meer oor te gee aan die Heilige Gees?
2. Wat kan jy doen om seker te maak jou "Mercedes", jou lewe, bly op die regte paaie?

Sluit gerus saam af met 'n gebed.